**Lent Oordenking.**
**7 Maart 2018**

## Wie en wat is jou prioriteit?

“Toe het Hy die mense geleer en vir hulle gesê: “Staan daar nie geskrywe: ‘My huis sal 'n huis van gebed vir al die nasies wees’ Vgl. Jes. 56:7 nie? Maar julle het dit 'n rowersnes gemaak.’” (Markus 11:17)

Die Tempel was ‘n huis van gebed vir alle nasies, maar vir die geldwisselaars en vee verkoopsmanne het hulle dit omskep in ‘n rowernes. Ek het ‘n vermoede dat die priesters, Sadduseërs, skrifgeleerdes en Fariseërs sommige van die wens ontvang het van die sakemanne af. Dit se in Markus 11:18 dat toe die hoof priesters en die skrifgeleerdes van hierdie voorval gehoor het, was hulle vas beslote om ‘n manier te vind om Jesus van Nasaret te vernietig. Ongelukkig het hierdie manne van God hul prioriteit verander; dit was nie meer die geregtigheid van God wat belangrik was nie, maar hul eie selfsugtige geregtigheid was meer belangriker as die van God.

In die Kerk, hier bedoel ek die liggaam van Christus en elkeen van ons wat individuele lede van die kerk is, moet versigtig wees – wie of wat is ons prioriteit? Daar is tye dat ons die Kerk as ‘n platform gebruik om skade teenoor die evangelie van Jesus Christus aan te doen. As Christene moet ons altyd baie bewus wees van ons motiewe en prioriteite.

Ons moet onthou as die kinders van God dat die Kerk ‘n huis van gebed is vir alle nasies. Ons moet mekaar liefhê en versorg, net soos Jesus Christus Sy Kerk liefhê en haar versorg. Ons moet bewus wees van ons eie motiewe en prioriteite – die Kerk is nie ‘n klub waar ons, ons eie prioriteite en reels vestig nie. Dan ontneem ons die ongelowige van ‘n geleentheid om te hoor en te glo in die evangelie van Jesus Christus.

Wees dus altyd bewus van jou prioriteite en maak God die Vader, Seun en Heilige Gees jou hoogste prioriteit. Mag die Centurion-Wes Presbiteriaanse Kerk ‘n huis van gebed vir alle nasies word!